

Adam Small is hystoe
Seun oor sy sterfbed: Daar was net liefde in die kamer
Deur Julian Jansen 26 Junie 2016 00:22

Die bekroonde digter en dramaturg Adam Small is gisteroggend kort ná middernag in die Kingsbury-hospitaal in Claremont, Kaapstad, oorlede. Hy was 79.

Sy seun Peter-John het gister gesê komplikasies het ingetree ná 'n operasie aan sy linkerbeen om sy bloedsomloop te verbeter.

Small het vir 'n lang tyd aan progressiewe hartversaking gely en weens die pyn in sy been het hy met groot moeite geloop.

Hy sou op 21 Desember sy 80ste verjaardag vier.

Dokters het Peter-John en sy 68-jarige ma, Rosalie, Vrydagnag ontbied na waar Small in die hoërsorgeenheid broos en gedisorïenteerd gelê het. Hy het nie enigiets gesê nie, sê Peter-John.

“Ek het jou lief. Wees sterk, alles sal regkom,” het sy ma vir sy pa gefluister terwyl sy sy kop saggies gevryf het.

Ek het die woord ‘apartheid’ nie een keer in ‘Kanna’ gebruik nie.
Adam Small

Peter-John sê hy het sy pa met 'n vel papier probeer koel waai toe sy liggaamstemperatuur verhoog het. Toe val sy bloeddruk.

Die twee moes buite gaan wag.

“Toe kom die dokter en sê hy is oorlede . . .”

Peter-John sê sy ma het toe haar man gesoengroet met die woorde: “Ek sal altyd lief bly vir jou.”

“Daar was net liefde in die kamer. Net ons drie, saam,” het Peter-John gister met trane in sy oë gesê vanuit die dubbelverdiepinghuis in Heathfield waar een van Suid-Afrika se belangrikste dramaturge dekades lank gewoon het.

Rosalie sê haar man se gedig “Nou vou ek jou toe” is die eerste ding wat by haar opkom as sy aan hom dink.

“Ek en Adam het dit amper in tandem, saam, geskryf.”

Haar kop val op haar bors. Woordeloos. Langs haar staan Small se wiegstoel. Leeg.

Sy familie sê hy het kort voor hy hospitaal toe is nog daar gesit, so tussendeur sy skrywery en tikwerk. altyd met net sy twee middelvingers.

Peter-John sê sy pa was 'n besonderse mens. “Waar ander mense van sy werke sin maak, het ek sin gemaak uit die mens wat my pa was. Hy het my geleer om te huil.”

Sy laaste vers

Trap der bruin jeugd

As 'n klein kind nog, wis ek
ek was Afrikaans in my hele wese,
of soos ons padlangs sê,
in murg en been.
Ek het reeds besef ek is
vir hierdie taal geleen
en sou myself beskikbaar maak.
Tóé al het ek besluit ek sou
die hoogste sport
in hierdie taal bereik, en nou,
in my ouderdom kan ek tevrede voel
versoen deur die gedagte:
ek het daardie belofte aan myself
gestand gedoen.

Ek was deurgaans bewus
dat alles gruwelik moeilik sou wees
om, as bruin,
op die kruin bo uit te kom.

Onthou Bertolt Brecht se moeder,
hoe hy sê sy't hom voor sy geboorte
binne haar lyf in die stede van die
koue swartwoud rondgedra,
en dat daardie koue altyd in
sy beendere sou bly?
Onthou ook die gebéúr,
die brawe swoege-orent
van Franz Kafka se kewer?

So het my moeder my
in ons Bolandse
dorpe in haar lyf gedra, bruin,
en bruin gebaar,
en dié bruinheid sal altyd in my bly

Ek het Apartheid gehaat
omdat dit my wou keer
om óp te klim, alles is vir jou
met bouse gemeenheid bemoeilik.
Daar was vir my tye
toe ek, deur bitterheid verswelg,
alles wou laat vaar.
Maar as telg van haar,
sy wat my gebaar het,
sou ek in bitterheid my lot

nie sommerso aanvaar.

Nou, ná jare en jare, veertig jaar,
eintlik 'n halwe eeu, het ek
vir myself die Lig gevind, en daardie
klein bruin kind se Wil vervul:
hom ingebind in Afrikaans vir altyd.

*** Adam Small het sowat twee weke voor sy dood dié ongepubliseerde vers op kamera voorgelees vir 'n dokumentêr wat die skrywer Abraham de Vries, sy jarelange vriend, maak.**

* Adam Small is op 21 Desember 1936 in Wellington gebore en het sy vormingsjare deurgebring op die plaas Goree, naby Robertson waar sy pa onderwyser was.

Hy het tussen twee kulture grootgeword. Terwyl sy pa 'n Christen en lekeprediker was wat Sondae vir plaaswerkers kerk gehou het, was sy ma, 'n nooi Suleiman, 'n Moslem.

*Lees ook: [Niemand is sonder sonde nie](#)

In 1944 het die gesin verhuis na Retreat in Kaapstad waar sy pa skoolhoof geword het. Hier het die jong Adam vir die eerste keer kennis gemaak met die Afrikaans van die stedelike werkersklas. Dit is dié Kaapse Afrikaans wat later 'n kenmerk van baie van sy verse sou word.

In 1954 begin hy medies studeer aan die Universiteit van Kaapstad. Hy slaan egter gou oor na filosofie en Afrikaans, 'n vak waarin hy “al die Boertjies geklop het”. Hy behaal uiteindelik sy meestergraad in filosofie aan Ikeys in 1957. In dieselfde jaar verskyn sy eerste digbundel, Verse van die liefde.

Ná verdere studies aan die London School of Economics (onder die wêreldbekende Karl Popper) keer hy terug na Suid-Afrika waar hy in 1959 aangestel word as filosofiedosent by Fort Hare voordat hy in 1960 as een van die eerste 13 personeellede van die nuut gestigte Universiteit van Wes-Kaapland word.

In 1963 vertrek hy na Oxford vir verdere studie. Dis hier waar sy idees vir sy bekendste drama, Kanna hy kô hystoe, beslag kry. Die drama word uiteindelik in 1965 gepubliseer.

In 'n onderhoud met RSG sê Small oor dié drama: “Ek het die woord ‘apartheid’ nie een keer in Kanna gebruik nie. Ek sien dit nie as protesliteratuur nie, maar as literatuur van waarneming en sosiale kritiek. Dit gaan ook oor verstedeliking en die gedwonge verskuiwing van mense en gee insig in die universele werklikheid van armoede.”

Ná 'n lang loopbaan as akademikus, skrywer en politieke aktivis onttrek Small hom in die 1990's heeltemal uit die openbare lewe.

Oor dié kluisenaarskap het hy later gesê: “Wanneer jou werk verskyn en al wat mense raaksien, is kleurling, kleurling, kleurling, dan maak dit séér . . . dit maak seer.”

Die Hertzogprys vir drama is in 2012 aan hom toegeken. 'n Jaar later tree hy vir die eerste keer in byna 20 jaar in die openbaar op met die bekendstelling van 'n nuwe bundel, Klawerjas, sy eerste gepubliseerde werk sedert sy drama Krismis van Map Jacobs in 1983, presies 30 jaar tevore.

Hy word oorleef deur twee seuns uit sy eerste huwelik, John en Leon, sy vrou Rosalie en hul kinders Peter-John en Zaidee asook agt kleinkinders.